# DIE SKIETLOOD

181ste Uitgawe 14 Augustus 2020

saam met Koersvas 181


## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

*Dordtse leerreëls Artikel 8,9,10 en 11*

Dit is met goeie rede dat daar soveel aandag geskenk was aan Artikel 7 van die Dordtse leerreëls. Indien die artikel reg benader en verstaan word, maak dit die interpretasie van die volgende artikels makliker. Hierdie woorde moet herhaal word: "*God het ons in Christus uitverkies. Hierdie sin impliseer dat ons geensins op onsself mag fokus nie. Die uitverkiesing het in Christus plaasgevind, nie deur mense se gehoorsaamheid of geloof nie. God het gekies om mense voor Sy troon te bring in Sy Seun. Die aanhaling uit Efesiërs 1 is van groot belang. Die vele herhalings van "Christus" maak dit duidelik dat die uitverkiesing net in terme van Christus interpreteer moet word*."
Enige gesprek oor menslike prestasie of samewerking vertroebel die gesprek. Enige verwysing na veelheid van planne of sisteme, verwar die saak. In Christus en deur Christus moet ons die uitverkiesing verstaan. In hierdie EEN, te wete Christus, kom God se genade na ons as mense. Die hele Bybel dra hierdie een saak duidelik oor. Dit is wat in die volgende artikel bespreek word.

**Teks***:* *Artikel 8. Hierdie uitverkiesing is nie veelvoudig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament. Die Skrif verkondig immers aan ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God. Hiervolgens het Hy ons van ewigheid af uitverkies tot die genade sowel as tot die heerlikheid, tot die saligheid sowel as tot die weg na die saligheid wat Hy voorberei het, sodat ons daarin kan wandel (Efesiërs 1:4,5; 2:10 "So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees." ..." Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." ).*

**Kommentaar:** In lyn met die denke van die Reformasie, verstaan die opstellers van die Dordtse leerreëls die Bybel as 'n eenheid. Artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel: "*Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie*." Die gesprek oor die aard van die Bybel is hier by die bespreking van die Dordtse leerreëls van belang. Die Heilige Skrif is 'n eenheid wat in twee dele onderskei kan word, maar nie geskei kan word nie. Dit bly die een Woord van God. Dit is dieselfde God wat Homself openbaar in beide die Ou Testament en die Nuwe Testament. Dit is dieselfde raadsplan wat in beide ontvou. Dit is dieselfde heilsgeskiedenis, deur dieselfde God

bestuur, wat in Ou Testament en Nuwe Testament opgeteken staan. Diegene wat die Ou Testament en die Nuwe Testament van mekaar wil skei (soos sommige Ou Testament wetenskap-likes), maak 'n kritiese fout wat hulle insette in baie opsigte irrelevant maak.
In die Een Woord kom die een doel, gegrond op die een raadsplan, na vore. Die heilsgeskiedenis begin by die skepping en vertel van God se bemoeienis met die mens. Na die sondeval maak God dit wat ons nou die Moederbelofte noem. Die Ou Testament en die Nuwe Testament vertel die geskiedenis van dieselfde God wat deur eeue heen hierdie belofte nakom. Alle mense val binne hierdie een geskiedenis. Die twee dele onderskeid het te make met die onderskeid voor die koms van Christus, en die koms van Christus. Dieselfde raadsplan speel in dieselfde mensdom se geskiedenis af. Die mense van die Ou Testament staan nie onder 'n ander plan of afdeling nie. God se raadsplan is dieselfde vir alle mense; elkeen wat glo, sal nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe ontvang. Hierdie raadsplan van God kom hier en nou na vore in die goeie dade wat ons kan doen in Christus, juis omdat dit is waartoe God ons bestem het.
In kort: Die uitverkiesing deur God kan uit verskillende perspektiewe ondersoek word, maar dit is die een en dieselfde raadsplan.

**Teks:** <u>Artikel 9</u>. *Hierdie uitverkiesing het nie op grond van vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid van die mens tot stand gekom nie. Dit alles kan nooit vooraf as rede of voorwaarde vir die uitverkiesing van die mens vereis word nie. Die uitverkiesing is immers die oorsaak van geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ensovoorts. Daarom is die uitverkiesing die fontein van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan voortvloei. Die apostel getuig immers: Om heilig en sonder gebrek voor Hom te wees (Efesiërs 1:4), en nie omdat ons alreeds so was nie.*

**Kommentaar:** Romeine 8:28-30 "*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik*."
Die Dordtse leerreëls wil by wyse van herhaling vanuit verskillende perspek-tiewe die een boodskap laat deurdring; die uitverkiesing gaan oor God se optrede en inisiatief in Christus. Dit is nie 'n inisiatief wat in reaksie op die mens of aan 'n gebeurtenis in die geskiedenis toegedig kan word nie.
Die uitverkiesing as God se optrede in Christus moet losgemaak word van enige menslike optrede, verwagting, nood of verdienste.
Die uitverkiesing kan nie eens by wyse van vooruitskoue aan die mens se optrede of denke gekoppel word nie. Die uitverkiesing hou verband met God se

doel in Sy handelinge, nie met 'n vooruitsig nie. Artikel 9 koppel die "vooruitgesiene" aan 'n wye veld van menslike handelinge te wete: geloof, gehoorsaamheid, heiligheid, goeie hoedanigheid, geskiktheid. In kort kan ons stel dat daar geen aspek van menslike bestaan of optrede is wat die uitverkiesingsleer opgeroep het nie.
Hier is 'n verwerping van enige kousale lyn ter sprake. Enige plaas van 'n kousale verband tussen menslike syn/optrede en die uitverkiesing word in totaliteit verwerp. Hierdie besondere artikel fokus op die toekomstige aspek van die menslike en individuele bestaan. God se optrede is deur geen aspek van die mens se tydlyn beheer of bepaal nie. Die dinamiese en ingewikkelde verhouding van God met tyd is ver bo ons begrip. Die Dordtse leerreëls wil dit duidelik stel dat daar nie eers 'n buite-tyd aspek van die mens is wat tot die uitverkiesing aanleiding gegee het nie. Moderne Armenianisme verwys graag na die geskiedenis as 'n rolprent wat God al gesien het en op grond daarvan het God sekere mense uitverkies voordat - en soos - die rolprent afspeel. Hierdie benadering word totaal verwerp. Artikel 9 tref dan ook die onderskeid tussen tot heiliging en op grond van heiligheid. Die mens se lewe van heiligmaking is die resultaat van God se uitverkiesing, nie andersom nie; die uitverkiesing is nie op grond van die mens se heiligmaking nie.

**Teks:** *<u>Artikel 10.</u> Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is inderdaad slegs die welbehae van God. Dit bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede sekere menslike hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie. Dit bestaan wel hierin dat Hy sekere bepaalde mense uit die hele menigte van sondaars as sy eiendom aangeneem het.*
*Soos geskrywe is: Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie, ..., is vir haar (naamlik Rebekka) gesê: Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat (Romeine 9:11-13); en: Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Handelinge 13:48).*

**Kommentaar:** Kom ons kyk eers net weer na die mens. Romeine 3:10 *"Daar staan immers geskrywe: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie*." Die volle omvang van die verwysing na die "genadige uitverkiesing" skemer weer deur in hierdie artikel. Indien die mens totaal verlore is, waarom ontvang sekere mense God se genade? Hulle moet tog kies, hulle moet tog iets gedoen het of beplan? Die totale verlorenheid van die mens is 'n moeilike konsep om in ons denke te handhaaf. Tog is dit die beginpunt vir die verstaan van louter genade in Christus.
Enige gesprek wat verwys na regverdig en onregverdig, mis die punt. Die oomblik wat ons redeneer in terme van regverdigheid, is ons besig om by die mens te begin. Regverdig impliseer dat ons na die mens (as ontvanger) kyk en dan oordeel oor die mens en die verdienstelikheid van daardie mens. Die Dordtse leerreëls wil juis die teendeel duidelik stel. Begin by God, soek by

God. Dit is die vrye mag en vrye wil van God wat alleen regeer.
God se welbehae beteken presies dit. God het op grond van 'n interne proses of gebeurtenis besluit om in Christus mense te red. Ons weet vaan daardie besluit net dit wat aan ons openbaar is. Ons verstaan dat God se liefde 'n groot deel van die motivering moes gewees het. Ons kan net vashou aan dit wat ons in die Skrif geleer het, dit wat God in die Skrif aan ons openbaar. Johannes 3:16 verwys na liefde en redding in Jesus. Die presiese "waarom en hoekom" is nie aan ons openbaar nie. Ons kan net in respek God eer as die EEN wat mense in Christus red.

**Teks:** _Artikel 11._ *God self is alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig, en daarom kan sy daad van uitverkiesing nie ongedaan gemaak, oorgedoen, verander, herroep of afgebreek word nie. Die uitverkorenes kan ook nie verwerp of in getal verminder word nie.*

**Kommentaar:**
God se onveranderlikheid is in terme van wese, syn, denke en doel. Hiermee word nie bedoel dat God se denke in 'n groef is, of simplisties is nie. Die verwysing in hierdie konteks moet altyd verstaan word as verwysend na betroubaarheid. Die sekerheid wat gelowiges in hulle harte mag vind, is gebou op die aard en karakter van God. Dink jou vir een oomblik in; God as wispelturige wese wat deur buie en veranderings in gemoed beweeg word tot nuwe en ander besluite. Die ondenkbare onsekerheid wat met daardie prentjie gepaard gaan, maak dit duidelik waarom hierdie klem op die betroubaarheid van God so belangrik is.
God self is alwys en alwetend - Hy weet alles van die mens, kan nie skielik onkant betrap word nie, kan nie skielik iets byleer waaraan Hy nooit gedink het nie. Ons as uitverkorenes kan in hierdie kennis van God lewe onder die versekering dat Hy ons ken, en tog ons sondes in Christus vergewe het.
Onveranderlik - God gaan nie van plan verander nie. Om in Christus te bestaan, is om in die onveranderlike van die heilsgeskiedenis vas te staan, seker te wees van die toekoms.
Almagtig- daarom kan Sy daad van uitverkiesing nie ongedaan gemaak word nie. Ons redding in Christus staan nie op die losse skroewe van 'n wankelende god met voete van klei nie, ons saligheid word gewaarborg deur Hom wat hemel en aarde geskep het. Geen daad van die mens of die bose kan hierdie werklikheid ongedaan maak nie.
Dit is nie nodig dat enige deel van die verlossing van die mens oorgedoen, verander, herroep of afgebreek word nie. God se volmaakte redding in Christus het nie proeflopies nodig nie. Daar is nie noodsaak aan verstellings of verandering nie. Die sekerheid wat gelowiges in hulle harte kan dra, is gegrond op die perfekte aard van God.

Volgende uitgawe Artikel 12 en volgende Artikels.